



## BUITELANDSE BELEGGING: IS DIE TYD NOU RYP?

Deur Magnus Heystek – Beleggingstrateeg

SUID-AFRIKA leef al meer as 50 jaar onder die juk van valuta-beheer wat die eerste keer na die Sharpeville-onluste van 1960 ingestel is om te keer dat broodnodige geld nie die land uitvloei nie.

Soos verwag kan word, het die instelling van valutabeheer onmiddellik tot die grootskeepse uitvoer van kapitaal en bates op elke denkbare manier aanleiding gegee, tot so 'n mate dat die onwettige uitvoer van valuta byna 'n nasionale sport geword het.

Stories van angstige beleggers wat krugerrande en diamante op hulle lywe weggesteek het is legio terwyl gesofistikeerde beleggers elke denkbare manier gebruik het om bates in die buiteland te bou uit vrees vir wat in Suid-Afrika kon gebeur.

En na elke fase van politieke onrus, soos die Soweto-onluste van 1976 en die massastakings van 1985, het groot bedrae geld die land uit gevloei.

In die aanloop tot die eerste demokratiese verkiesing in 1994 het hierdie neiging 'n hoogtepunt bereik, grootliks vanwee vrese van nasionalisering en moontlike konfiskasie van bates.

Verskeie vooraanstaande maatskappye, soos SA Brouery, Old Mutual en andere het ook in hierdie tyd hul primêre notering verskuif vanaf Johannesburg na London. Baie het dit gesien as 'n uiters gesofistikeerde manier om bates land uit te skuif indien nasionalisering dalk deur die nuwe regering toegepas sou word.

Daar was ook baie berigte dat 'n maatskappy soos De Beers groot hoeveelhede ongeslypte diamante land -uit geneem het in hierdie onsekere tye.

En vir meeste van hierdie tyd—vanaf 1960 tot 2000 was dit 'n baie goeie skuif gewees om geld die land uit te neem en oorsee te belê. Oor hierdie tyd het die rand jaar na jaar kwaai gedaal. In Januarie 1980 byvoorbeeld, was die waarde van die rand nog \$1,35 !. Dis nie 'n drukfout nie: vir elke rand het jy \$1,35 ontvang en op daardie stadium was die rand een van die sterkste geldeenhede ter wêreld, grootliks vanweë die sterk goudprys van daardie tye.

Die periode van 1980 tot 2001 was net afdraende vir die rand tot en met 'n laagtepunt van R14 per \$1 teen 2001—'n daling van 94% vanaf die hoogtepunte 21 jaar vantevore.

Beleggers wat in hierdie tyd hulle geld oorsee gekry het en dit korrek belê het, het baie goed vertoon aangesien die Amerikaanse en Europese effektebeurse met 'n primêre bulmark besig was en jaarliks met gemiddeld sowat 16% per jaar gestyg het. Wetsgehoorsame beleggers wat nie geld die land kon (of wou) uitkry nie, het droëbek gesit en kyk hoe val die rand en hoe styg oorsese markte.

Dit was eers in 1997 dat die owerheid plaaslike beleggers toegelaat het om 'n deel van hulle beleggings oorsee te skuif. Die eerste toegif was R200 000, toe was dit verhoog tot R400 000 en oor tyd is dit opgeskuif tot R4 miljoen per belastingbetaler.



### IN HIERDIE UITGAWE

BUITELANDSE BELEGGING	1
HOEKOM BUITELANDSE BELEGGINGS?	2
BUITELANDSE PORTEFEULJES	3
PORTEFEULJE KONSTRUKSIE	4
HERBALANSERING	4
BELASTINGKLARING	4
KONTAK ONS	4

JHB: +27 11 799 8100

CPT: +27 21 914 9646

PTA: +27 12 460 0340

**Global  
Markets**  
AND SA ECONOMY

Meer onlangs is hierdie toegif verder verhoog—tot die verbasing van baie—tot R4 miljoen per belastingbetaler per jaar. Effektief kom dit daarop neer dat valutabeheer nou finaal afgeskaf is vir meeste gewone Suid-Afrikanners en dat net die super-rykes nie al hulle geld oorsee kan skuif indien hulle wou nie.

In dieselfde tydperk het die owerheid ook in 2003 ’n amnestie aangekondig waarvolgens Suid-Afrikaanse inwoners wat wel geld onwettig in die buiteland gekry het kon aansoek doen vir vrywaring van vervolging en deur die betaling van sekere boetes (afhangende van die opsies wat geneem is) hulle geld kon wettig maak.

Meer as 43 000 belastingbetalers het van hierdie amnestie gebruik gemaak en ’n totale bedrag van R65 miljard is daarvolgens geopenbaar. Destyds was daar gemeen dat dit net sowat ’n derde van die onwettige bates wat Suid-Afrikanners in die buiteland besit verteenwoordig.

’n Nuwe amnestie is onlangs weer aangekondig, hierdie keer ook vir maatskappye en trusts, wat onwettige bates in die buiteland opgebou het. Hierdie amnestie duur tot Oktober aanstaande jaar.

Dit sou raadsaam wees vir mense, maatskappye en trusts wat nog steeds geld onwettig in die buiteland verskuil om aansoek te doen vir hierdie amnestie. Die rede hiervoor is dat die owerheid in die jongste tyd ook belasting-ooreenkomste met 77 lande en sogenaamde belastinghawens gesluit het wat dit al moeiliker maak om onwettig bates in die buiteland te verdou.

Wat dit op neerkom is dat valutabeheer vir meeste mense nou total afgeskaf is. Daar is nog sekere hinderlike prosedures wat gevolg moet word maar die situasie is strate beter as wat dit tot onlangs toe nog was.

Die reaksie van die media en die gewone beleggerspubliek was so lusteloos, asof hulle nie eers daarvan kennis geneem het nie. Indien hierdie toegewings tien jaar of wat gelede gemaak was, veral toe die rand so kwaai geval het, sou dit dalk ’n ander storie gewees het.

Vir die eerste keer in meer as vyf dekades kan plaaslike beleggers nou ’n totale globale beleggingsportefeulje saamstel met toegang tot bates, fondse en fondsbestuurders wat nie in SA teenwoordig is nie.

## HOEKOM BUITELANDSE BELEGGINGS?

Die skepping van ’n globale portefeulje, vir beleggers met groot portefeuljes, is ’n baie rasonale besluit en is gegrond op een van die belangrikste beleggings -beginsels, naamlik **DIVERSIFIKASIE**.

Dit gaan (ons insiens) nie oor vrese van ’n totale ineenstorting van die rand, of ’n Zimbabwe-tipe besetting van plase nie, nie maar doodeenvoudig deur op ander plekke en in ander geldeenhede beter beleggingsgeleenthede te gaan soek. Daar is ’n gedagteskool onder sekere beleggers dat plaaslike markte al die geleenthede bied wat die buiteland kan bied, en daarom is daar geen rede om na die buiteland te gaan om beter opbrengste te soek nie. Dis ’n drogredenasie want dit veronderstel dat die opbrengste in SA altyd beter sal wees as enige ander plek ter wêreld.

Dit is doodgewoon dwaas om al jou geld in een land te hou as jy dit globaal kan diversifiseer. Dink maar aan beleggers in Ierland, as voorbeeld, van tans gebuk gaan aan ’n amper-ineenstorting van die eiendoms en aandelemark in daardie land, vanweë die nagevolge van die Kredietkrisis.

Drie jaar gelede was Ierland voorgelou as ’n model -land met ’n besondere kragtige ekonomie. Die Keltiese Tier was op almal se lippe as ’n voorbeeld van hoe ’n moderne land bestuur moet word.

Drie jaar later lê hierdie droom aan skerwe en dit wil voorkom as Spanje en Portugal dalk dieselfde paadjie kan loop.

Dit onderstreep weereens die wenslikheid en versierendheid van buitelandse diversifikasie.

Suid-Afrikaanse beleggers wat nie buitelandse beleggings oorweeg nie, maak hulle skuldig aan ’n sindroom wat in die beleggerswêreld bekend staan as “die strewe na normaliteit”.

Hierdie sindroom word ten beste geïllustreer na aanleiding van wat met die Jode in die jare voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog gebeur het. Teen 1935—ondanks die wydverspreide arrestasie van Joodse sakemanne, huise en sakepersele wat verwoes en bates wat gekonfiskeer is—het die oorblywende 450 000 Joodse gesinne nog steeds bly klou aan die hoop dat dinge sal normaliseer. Daar was ’n minderheid van sowat 100 000 wat voor die uitbreek van die oorlog padgegee het in vrees vir wat dalk kon gebeur.

Die feit dat iets nog nie voorheen gebeur het nie beteken nie dat dit wel nie kan gebeur nie.

Dit is teen hierdie bondige historiese samevatting dat die kwessie van buitelandse belegging benader moet word. Die afgelope tien jaar was ’n baie goeie tydperk vir plaaslike beleggings en ook die rand. Dit is derhalwe te verstane dat baie plaaslike beleggers nie oortuig kan word om buiteland toe te gaan nie.

Maar daar moet besef word dat die sterk invloed van kapitaal na opkomende lande, onder meer Suid-Afrika, vinnig kan omdraai wat tot ’n swakker rand en ’n onderprestasie van plaaslike markte vergeleke met oorsee markte kan aanleiding gee.

## ➤ **BRENTHURST WEALTH SE BUITELANDSE PORTEFEULJES:**

As maatskappy is ons al meer as vyftien jaar betrokke by die bou en bestuur van buitelandse portefeuljes namens ons kliente. Ons is derhalwe ook trots om aan te kondig dat ons onlangs ons eerste amptelike fonds in die buiteland geregistreer het. Hierdie fonds is die BRENTHURST WEALTH GLOBAL BALANCED FUND en is deur die Guernsey Financial Services goedgekeur.

Die fonds word onder kontrak deur RMB Investment Services (’n filiaal van die plaaslike RMB Holdings) bestuur op die internasionale beleggingsplatform van RMB in Guernsey.

Hierdie fonds sal as die hoeksteen van ons buitelandse portefeuljes gebruik word en is ’n koste-doeltreffende manier vir beleggers om toegang te kry tot globale aandele, effekte, kontant en ander instrumente.

**VAN DIE ANDER FONDSE WAT GEBRUIK SAL WORD IN DIE BOU VAN ’N VERTEENWOORDIGENDE BUITELANDSE PORTEFEULJE SLUIT IN DIE VOLGENDE FONDSE:**

## ➤ **TEMPLETON GLOBAL BALANCED FUND:**

Franklin Templeton is een van die grootste fondsbestuurders ter wêreld en het reeds meer as vyftien jaar ’n teenwoordigheid in Suid-Afrika. Hierdie fonds is oorspronklik deur Sir John Templeton, een van die mees vermaarde beleggingskenners ter wêreld gestig. Templeton is onlangs op die ouderdom van 85 op ’n eiland in Bermuda oorlede, maar sy beleggingsfilosofie was altyd dat beleggers globaal moes dink om werklike bates te bou.

## ➤ **INVESTEC GLOBAL GOLD FUND:**

Brenthurst Wealth is lank reeds ’n voorstander van ’n belegging in goud en goudaandele—maar dan moet dit in ’n buitelandse fonds wees. Die plaaslike goudmynbedryf is stelselmatig besig om agteruit te boer en die groot winste word nou in die buiteland gemaak, en nie in SA.

Ons beveel aan dat ten minste tussen 5 en 10% van ’n buitelandse portefeulje aan goudaandele blootgestel moet word.

## ➤ **AURUM ISIS:**

Hierdie fonds, ’n fonds van skansfondse, presteer reeds die afgelope dertien jaar beter as die Berkshire Hathaways Fonds van die vermaarde Warren Buffett. Die fonds word besit en bestuur deur die Gundle-familie wat hulle oorsprong in SA het.

## ➤ **INVESTEC ASIAN EQUITY FUND:**

Dit word allerweë aanvaar dat die ekonomie van Asie die beste geposisioneer is om in die volgende dekade of twee die beste opbrengste aan beleggers te bied, grootliks vanweë die groot rol wat China in hierdie streek speel. Opbrengste die afgelope tien jaar in hierdie fonds was meer as 17% per jaar, aansienlik beter as opbrengste in die weste, en dis ons mening dat hierdie neiging sal voortduur.

Lande in hierdie wêrelddele het min skuld, snel-groeiende ekonomie en ’n baie jonger demografiese profiel as die ouerwordende lande van die weste.

## ➤ **INVESTEC GLOBAL ENERGY FUND:**

Daar is ’n gevoel dat die wêreld weer eersdaags ’n oliekrisis sal ondervind. Derhalwe beveel ons aan dat beleggers ’n klein maar beduidende blootstelling aan hierdie sektor moet maak deur middel van hierdie betrokke fonds.

Met die uitsondering van Sasol het SA ook nie ’n oliebedryf om in te belê nie en indien beleggers blootstelling aan hierdie belangrike sektor wil bekom, word hierdie fonds voorgestel.

## ➤ **ASHBURTON CHINDIA FUND:**

Indië en China word beskou as die ekonomie van die toekoms. Onlangs het Standard Chartered ’n navorsingsverslag bekendgestel wat voorspel dat China oor slegs tien jaar en nie 20 soos wat allerweë verwag is, die grootse ekonomie ter wêreld sal word.

Die verwagting is ook dat Indië in die daaropvolgende tien tot 20 jaar sal ontwikkel tot een van die grootste ekonomie ter wereld. Hierdie fonds belê uitsluitlik in hierdie twee lande.

## ➤ **TEMPLETON BRIC FUND:**

Jim McNeil, onder-voorsitter van die reuse bankgroep Goldman Sachs, het in 2001 die term BRIC-lande geskep as ’n beskrywende konsep vir die lande wat bestaan uit Brasilië, Rusland, Indië en China. Baie beleggers gebruik nou ook hierdie beleggingstema om beleggingsbesluite te maak.

Hierdie fonds belê uitsluitlik in hierdie vier lande en dis die voorspelling van Goldman Sachs dat hierdie lande se ekonomie oor 20 jaar groter as die VSA sal wees.

**PORTEFEULJE KONSTRUKSIE:**

Die finale keuse van fondse en batetoewysing sal grootliks deur die belegger se persoonlike omstandighede bepaal word. As voorbeeld van 'n portefeulje met 'n medium risiko-blootstelling sal ons die volgende konstruksie aanbeveel:

5%	ASHBURTON CHINDIA EQUITY FUND
5%	AURUM ISIS FUND
40%	BRENTHURST WEALTH GLOBAL BALANCED FUND
40%	TEMPLETON GLOBAL BALANCED FUND
5%	INVESTEC GLOBAL GOLD FUND.
5%	INVESTEC ASIAN EQUITY FUND

All hierdie fondse (en honderde meer) word op RMB se internasionale beleggingsplatform aangebied. Hierdie platform bied koste-doeltreffende toegang tot die meeste top fondse ter wêreld wat nie gewoonweg in SA beskikbaar is nie. Dit is ook moontlik vir beleggers om internet-toegang tot hulle buitelandse portefeuljes via hierdie platform te geniet.

**HERBALANSERING:**

Die korrekte balansering en herbalansering (in terme van bate-allokasie modelle) is heel waarskynlik die grootste faktor in langtermynsukses met beleggings. Dis by uitstek die belangrikste taak wat Brenthurst Wealth namens sy kliënte uitvoer.

**BELASTINGKLARING:**

Voornemende beleggers wat 'n buitelandse belegging wil maak moet nog steeds aansoek doen vir belastingklaring. Brenthurst Wealth se belastingafdeling sal hierdie funksie namens sy kliente verrig.

**SLOTSOM:**

BUITELANDSE BELEGGING IS 'N BELANGRIKE ASPEK VAN LANGTERMYN WELVAARTSKEPPING. DAAR IS OORWEGENDE ARGUMENTE DAT MET DIE STERK RAND EN DIE VOORUITSIGTE VAN 'N STERKER HERSTEL IN DIE WÊRELDEKONOMIE DIT NOU DIE AANGEWSE TYD IS OM MET EEN VAN ONS SEWE GEKWALIFISEERDE RAADGEWERS TE GESELS OOR 'N BUITELANDSE PORTEFEULJE.

**BELEGGINGSTRATEEG:**

**MAGNUS HEYSTEK**  
magnus@heystek.co.za  
+27 11 799 8100

**BELEGGINGSADVISEURS:**

**BRIAN BUTCHART CFP®**  
brian@brenthurstwealth.co.za  
+27 82 335 5117

**LESYL POTGIETER CA(SA) CFP®**  
lesyl@brenthurstwealth.co.za  
+27 83 646 9818

**JOHAN BURGER CFP®**  
johan@brenthurstwealth.co.za  
+27 82 732 8655

**SONIA DU PLESSIS CFP®**  
sonia@brenthurstwealth.co.za  
+27 83 260 4055

**BELEGGINGSADVISEURS:**

**RENEE EAGAR CFP®**  
renee@brenthurstwealth.co.za  
+27 83 233 9373

**MICHELLE BURGER CFP®**  
michelle@brenthurstwealth.co.za  
+27 72 635 8667

**BELASTING:**

**GAVIN BUTCHART**  
gavinb@brenthurstwealth.co.za  
+27 11 799 8100

**BEMARKING:**

**SUE HEYSTEK**  
sue@brenthurstwealth.co.za  
+27 11 799 8100

**KLIËNTEDIENS:**

**ESMERIE LOOTS**  
esmerie@brenthurstwealth.co.za

**SUZEAN HAUMANN**  
suzean@brenthurstwealth.co.za

**CELESTE PHAKHATI**  
celeste@brenthurstwealth.co.za

**ALLIE SIKHOSANA**  
allie@brenthurstwealth.co.za

**CHRISTOFF POTGIETER**  
christoff@brenthurstwealth.co.za

**ANTJE MOUTON**  
reception@brenthurstwealth.co.za

**BRENTHURST WEALTH MANAGEMENT (PTY) LTD**

**JOHANNESBURG:** Building 3 Prism Business Park | Cnr Fourways Boulevard & William Nicol Fourways | Gauteng SA  
Tel: +27 (0) 11 799 8100 | Fax: +27 (0) 11 799 8101 | PO Box 10150 Fourways East | 2055 Gauteng South Africa

**PRETORIA:** Landmark East | 4th Floor | 17 Umgazi Straat | Menlo Park | Pretoria | SA  
Tel: +27 (0) 12 460 0340 | Fax: +27 (0) 12 346 8453

**CAPE TOWN:** Tyger Waterfront | Waterfront Terraces Block 2 | Waterfront Road | Carl Cronje Drive | Bellville | W Cape  
Tel: +27 (0) 21 914 9646 | Fax: +27 (0) 21 914 6515 | Postnet suite 275 P/Bag X22 | Tygervally | 7536 | Cape Town SA

*Brenthurst Wealth Management (Pty) Ltd. is an authorised FSP in terms of the FAIS Act, 2002(FSP No 7833)  
Brenthurst Wealth Management (Pty) Ltd. is an associate of the Stonehouse Capital Group*

Brenthurst Wealth Management is 'n geregistreerde finansiële diens-verskaffer (FSP no. 7833). Hierdie e-posboodskap en byvoegsels is uitsluitend bedoel vir die geadresseerde(s) en daarom wettig geprivilegieer en/of vertroulik. As u per abuis hierdie e-posboodskap ontvang het, vernietig dit asb. As u nie die geadresseerde is nie, mag u nie die inhoud rugbaar maak, kopieer, versprei of op grond van die inhoud daarvan handel nie. Enige ongemagtigde gebruik van openbaarmaking daarvan is verbode en kan onwettig wees. Die siening en mening soos vervat in hierdie boodskap is nie noodwendig verteenwoordig van die van die bestuur van Brenthurst Wealth nie.



**STONEHOUSE**  
CAPITAL

Partnering the Exceptional